



BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

R0,30

Dinsdag 12 Junie 1984

WINDHOEK

Tuesday 12 June 1984

No. 4909

INHOUD:

CONTENTS:

	<i>Bladsy</i>		<i>Page</i>
<b>GOEWERMENSKENNISGEWING</b>		<b>GOVERNMENT NOTICE</b>	
No. AG. 78 Wysiging van Reëls waarby die verrigtinge van die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika gereël word		No. AG. 78 Amendment of rules regulating the conduct of the Proceedings of the Supreme Court of South West Africa	1

## Goewermentskennisgewing

## Government Notice

kantoor van die  
**ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE  
GEBIED SUIDWES-AFRIKA**

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. AG. 78 1984

WYSIGING VAN REËLS WAARBY DIE VER-  
RIGTINGE VAN DIE HOOGGEREGSHOF  
VAN SUIDWES-AFRIKA GEREËL WORD

Die Regterpresident van die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika het kragtens artikel 36(1) van die Proklamasie op die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika, 1981 (Proklamasie 222 van 1981), met die goedkeuring van die Administrateur-generaal, die reëls waarby die verrigtinge van die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika gereël word, afgekondig by Goewermentskennisgewing R.48 van 12 Januarie 1965, soos volg gewysig:

office of the  
**ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE  
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA**

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. AG. 78 1984

AMENDMENT OF RULES REGULATING  
THE CONDUCT OF THE PROCEEDINGS OF  
THE SUPREME COURT OF SOUTH WEST  
AFRICA

The Judge President of the Supreme Court of South West Africa has in terms of section 36(1) of the Supreme Court of South West Africa Proclamation, 1981 (Proclamation 222 of 1981), with the approval of the Administrator-General, made the following amendments to the rules regulating the conduct of the proceedings of the Supreme Court of South West Africa promulgated under Government Notice R.48, dated 12 January 1965:

## "TARIEF VIR ADJUNK-BALJU'S

68. (1) Die gelde in die onderstaande tarief kan deur adjunk-balju's gevorder word: Met dien verstande dat geen gelde gehef word vir die betekening van prosesstukke in *in forma pauperis*-verrigtinge nie, behalwe die nodige uitgawes daaraan verbonde.

(2) Waar 'n besondere handeling op meer as een wyse kan geskied, moet die goedkoopste manier gevolg word tensy daar redelike beswaar teen is of tensy die party ten behoeve van wie prosesstukke uitgevoer word, op eie koste 'n bepaalde wyse verkies.

(3) Geskille oor die opeisbaarheid of omvang van enige gelde of koste, of oor vergoeding vir noodsaaklike werk en noodsaaklike uitgawes waarvoor daar geen voorsiening gemaak word nie, word beslis deur die takseermeester van die hof waarvan die prosesstukke uitgegaan het.

## TARIEF

1. Registrasie van 'n dokument vir betekening of tenuitvoerlegging, by ontvangs daarvan R1.

2. (a) Betekening van dagvaardings, petisies tesame met kennisgewing van mosie of van terrolleplasing, ander kennisgewings, bevele of enige ander dokumente, elk R10: Met dien verstande dat -

(i) wanneer 'n dokument saam met 'n prosesstuk beteken moet word en in die prosesstuk genoem word of 'n aanhangsel daarvan is, geen addisionele gelde gevorder mag word vir betekening van die dokument nie. Origens mag R3 gevorder word vir elke afsonderlike dokument wat beteken word;

(ii) geen geld vir 'n aparte dokument gevorder word by die betekening van prosesstukke in strafsake nie.

2. (b) Geпоogde betekening van dagvaardings, petisies, tesame met kennisgewing van mosie of van terrolleplasing, ander kennisgewings, bevele en enige ander dokumente R5: Met dien verstande dat 'n geпоogde betekening van meer as een dokument aan dieselfde persoon beskou word as 'n geпоogde betekening van slegs een dokument.

3. Reistoelae:

(a) Vir die afstand werklik en noodsaaklikerwys deur die adjunk-balju of sy verteen-

## "TARIFF FOR DEPUTY SHERIFFS

68. (1) The fees and charges contained in the appended tariff shall be chargeable and allowed to deputy sheriffs: Provided that no fees shall be charged for the service of process in *in forma pauperis* proceedings (but the necessary disbursements for the purpose of such service may be recovered).

(2) Where there are more ways than one of doing any particular act, the least expensive way shall be adopted unless there is some reasonable objection thereto, or unless the party at whose instance process is executed desires any particular way to be adopted at his expense.

(3) Where any dispute arises as to the validity or amount of any fees or charges, or where necessary work is done and necessary expenditure incurred for which no provision is made, the matter shall be determined by the taxing officer of the court whose process is in question.

## TARIFF

1. For registration of any document for service or execution, upon receipt thereof R1.

2. (a) For service, of summonses, petitions together with notice of motion or notice of set down, other notices, orders or any other documents, each R10: Provided that -

(i) whenever any document to be served with any such process is mentioned in the process or forms an annexure thereto, no additional fee shall be charged for the service of such document, but otherwise a fee of R3 may be charged in respect of each separate document served;

(ii) no fee for the service of a separate document shall be charged in respect of the service of process in criminal cases.

2. (b) Attempted service of summonses, petitions together with notice of motion or notice of set down, other notices, orders and any other documents R5: Provided that an attempted service of more than one document on that same person shall be treated as an attempted service of one document only.

3. Travelling allowance:

(a) For the distance actually and necessarily travelled by the deputy sheriff or his officer

woordiger afgelê, bereken van die kantoor van die adjunk-balju af vir die heen- en terugreis, per kilometer of deel van 'n kilometer 30c.

(b) Wanneer twee of meer dagvaardings of ander prosesstukke, in opdrag van dieselfde party of van verskillende partye, met een en dieselfde reis beteken kan word, moet die reistoelae redelik en billik verdeel word tussen die verskillende sake met inagneming van die afstand wat die onderskeie partye aan wie die prosesstukke gerig is van die kantoor van die adjunk-balju af woon, maar die gelde is betaalbaar vir elke betekening of geпоogde betekening.

(c) Hierdie toelae is slegs betaalbaar in gevalle waar die betrokke diens meer as een kilometer van die kantoor van die adjunk-balju af verrig moet word: Met dien verstande dat as die kantoor van die adjunk-balju meer as drie kilometer van die landdroskantoor van sy distrik is, die toelae betaalbaar is slegs wanneer sodanige diens meer as een kilometer van die landdroskantoor af verrig moet word.

(d) Die beperking opgelê deur die voorbehoud by die voorgaande paragraaf 3(c) kan deur die Minister van Justisie na goeddunke verslap word waar omstandighede dit regverdig en op aanbeveling van die balju van die betrokke provinsie, in welke geval die balju die aanbevole toegewing ten tyde van die aanstelling van die adjunk-balju moet meld.

4. (a) Posgeld in siviele sake, volgens die postarief.

(b) Posgeld in strafsake, vry.

LET WEL - Die adjunk-balju kan enige poststuk na die griffier van die Hooggeregshof neem of, as daar geen griffier in sy dorp of stad is nie, na die landdroos, wat die koevert met sy amptelike frankeerstempel moet merk.

5. Tenuitvoerlegging van enige lasbrief -

(a) (i) vir die arres van 'n persoon, insluitende sy vervoer na die hof, na 'n prokureur se kantoor of na die gevangenis, per persoon R20;

(ii) vir vervoer van die betrokke persoon na die hof van die plek van aanhouding op 'n dag na die dag van arres, en bywoning van die hof, R10 per uur;

(iii) vir die beslaglegging op goed *ad fundandam jurisdictionem* of *ad confirmandam jurisdictionem* R20;

reckoned from the office of the deputy sheriff, both on the forward and the return journey, per kilometre or fraction of a kilometre 30c.

(b) When two or more summonses or other process, whether at the instance of the same party or of different parties, are capable of being served on one and the same journey, the travelling allowance for performing the round of service shall be fairly and equitably apportioned among the several cases, regard being had to the distance at which the parties against whom such process is directed respectively reside from the office of the deputy sheriff, but the fee for service shall be payable for each service made or attempted to be made.

(c) This allowance shall be payable only in cases where the duty in question is to be performed beyond a radius of one kilometre from the office of the deputy sheriff: Provided that if the office of the deputy sheriff is situated more than three kilometres from the office of the magistrate of his district the allowance shall be payable only where such duty is to be performed beyond a distance of one kilometre from the magistrate's office.

(d) The restriction imposed by the provision in the preceding paragraph 3(c) may be relaxed by the Minister of Justice, in his discretion, where circumstances warrant this and on the recommendation of the sheriff of the province concerned, in which event the sheriff shall specially mention the extent of the recommended relaxation at the time of the appointment of the deputy sheriff.

4. (a) Postage in civil matters, as per postal tariff.

(b) Postage in criminal matters, free.

NOTE - The deputy sheriff may take any postal matter to the registrar of the Supreme Court or, if there is no registrar in his town or city, to the magistrate, who shall frank the envelope with his official franking stamp.

5. For the execution of any writ -

(a) (i) of personal arrest, including the conveyance of the person concerned to court, to an attorney's office or to a prison, per person R20;

(ii) for conveying the person concerned to court from a place of custody on a day subsequent to the day of arrest and attending at court, R10 per hour;

(iii) for attachment of property *ad fundandam jurisdictionem* or *ad confirmandam jurisdictionem* R20;

(iv) waar 'n beslaglegging ingevolge item 5(a)(iii) teruggetrek of opgeskort word, R5;

(b) vir uitsetting, R10 per uur, maar met 'n minimum van R20 (benewens redelike uitgawes noodsaaklikerwys aangegaan);

(c) teen onroerende goed -

(i) vir tenuitvoerlegging, insluitende betekening van kennisgewing van beslaglegging aan die eienaar van die onroerende goed en die registrateur van aktes of ander beampte belas met die registrasie van sodanige goed en as die onroerende goed deur iemand anders as die eienaar geokkupeer word, ook aan die okkupant R20;

(ii) vir kennisgewing van beslaglegging aan 'n enkele huurder of okkupant R3,50 (identiese kennisgewings waar daar meer as een huurder, okkupant of eienaar is, vir elkeen ná die eerste R1);

(iii) vir waardasie of verslag vir die doel van 'n verkoping R15 per uur, met 'n minimum van R20;

(iv) waar 'n adjunk-balju gemagtig is om goed te verkoop en die goed nie verkoop word nie omdat die beslaglegging teruggetrek, opgeskort, gestaak of gestuit word, afgesien van die bedrag van die lasbrief, en al die nodige kennisgewing van terugtrekking van die beslaglegging R20;

(v) vir die vasstelling en aantekening van watter verbande of ander beswarings teen die eiendom geregistreer is, asook die name en adresse van die persone in wie se guns dit geregistreer is, insluitende enige briefwisseling in verband daarmee (benewens redelike uitgawes noodsaaklikerwys aangegaan) R15;

(vi) om die vonnisskuldeiser in kennis te stel van sodanige verbande of beswarings en van die name en adresse van die persone in wie se guns dit geregistreer is R2;

(vii) vir oorweging van bewys dat 'n preferente skuldeiser aan die vereistes van reël 46(5)(a) voldoen het R1;

(viii) vir die kennisgewing in reël 46(6) bedoel R2;

(ix) vir oorweging van kennisgewing van verkoping wat deur die vonnisskuldeiser in oorleg met die adjunk-balju opgestel word; en

(x) vir die nagaan van aangeduide koerante en die *Staatskoerant* om seker te maak dat kennisgewing van verkoping geplaas is; en

(iv) where an attachment in terms of item 5(a)(iii) is withdrawn or suspended R5;

(b) of ejectment: R10 per hour, subject to a minimum fee of R20 (in addition to reasonable expenses necessarily incurred);

(c) against immovable property -

(i) for execution, including service of notice of attachment upon the owner of the immovable property and upon the registrar of deeds or other officer charged with the registration of such property and if the property is in occupation of some person other than the owner, also upon such occupier R20;

(ii) for notice of attachment to a single lessee or occupier R3,50 (identical notices when there are several lessees, occupiers or owners, for each after the first R1);

(iii) for making valuation or report for purposes of sale R15 per hour, with a minimum of R20;

(iv) when a deputy sheriff has been authorised to sell property and the property is not sold by reason of the fact that the attachment is withdrawn or stayed, irrespective of the amount of the writ, and all the necessary notices for the withdrawal of the attachment R20;

(v) for ascertaining and recording what bonds or other encumbrances are registered against the property, together with the names and addresses of the persons in whose favour such bonds and encumbrances are so registered, including any correspondence in connection therewith (in addition to reasonable expenses necessarily incurred) R15;

(vi) for notifying the execution creditor of such bonds or other encumbrances and of the names and addresses of the persons in whose favour such bonds or other encumbrances are registered R2;

(vii) for consideration of proof that a preferent creditor has complied with the requirements of rule 46(5)(a) R1;

(viii) for the notice referred to in rule 46(6) R2;

(ix) for consideration of notice of sale prepared by the execution creditor in consultation with the deputy sheriff; and

(x) for verifying that notice of sale has been published in the newspapers indicated and in the *Gazette*; and

(xi) vir die stuur van 'n eksemplaar van die kennisgewing van verkoping aan elke vonnisskuld-eiser wat op die onroerende goed beslag laat lê het en aan elke verbandhouer daarvoor wie se adres bekend is, vir elke eksemplaar, insluitende geld vir (ix), (x) en (xi) R15;

(xii) vir die aanbring van 'n eksemplaar van die kennisgewing van verkoping op die kennisgewing-bord van die landdroshof bedoel in reël 46(7)(e) en op of so na moontlik aan die plek waar die verkoping sal plaasvind, 'n omvattende geld van R5;

(xiii) vir oorweging van die verkoopvoorwaardes R10;

(xiv) by die verkoop van onroerende goed deur die adjunk-balju as afslaer, 5 persent van die opbrengs van die verkoping, betaalbaar deur die koper tot 'n prys van R10 000 en daarna  $2\frac{1}{2}$  persent tot 'n maksimum geld van R5 000, met 'n minimum van R30 (dit sluit in opwagting om die gelde wat ten opsigte van die koopprys ontvang is op die depositorekening van die landdros van die distrik in te betaal);

(xv) vir 'n verslag in reël 46(11) bedoel R10;

(xvi) vir die gee van transport aan die koper R3;

(xvii) vir die opstel van 'n distribusieplan van die opbrengs (insluitende die nodige afskrifte) en afsending van 'n afskrif aan die griffier R15;

(xviii) vir kennisgewing aan alle partye wat lasbriewe ingedien het en aan die vonnisskuldenaar dat die distribusieplan ter insae sal lê, vir elke kennisgewing R2;

(xix) vir vesoek aan landdros om ooreenkomstig die distribusieplan uit te betaal R2;

(d) teen roerende goed -

(i) wanneer 'n lasbrief by aanbidding betaal word, 5 persent van die bedrag aldus betaal, met 'n minimum van R10 en 'n maksimum van R50;

(ii) vir 'n onsuksesvolle poging om beslag te lê, insluitende opsporing vir een uur en navraag R8;

(iii) waar 'n lasbrief teruggetrek, opgeskort, gestaak of gestuit word voordat daar op enige goed beslag gelê is R3;

(iv) vir 'n beslaglegging, insluitende opsporing vir een uur en navraag R20;

(xi) for forwarding a copy of the notice of sale to every judgment creditor who has caused the immovable property to be attached and to every mortgagee thereof whose address is known, for each copy, inclusive fee for (ix), (x) and (xi) R15;

(xii) for affixing a copy of the notice of sale to the notice board of the magistrate's court referred to in rule 46(7)(e) and at or as near as may be to the place where the sale is actually to take place, an inclusive fee of R5;

(xiii) for considering the conditions of sale R10;

(xiv) on the sale of immovable property by the deputy sheriff as auctioneer, 5 per cent of the proceeds of the sale which shall be paid by the purchaser up to a price of R10 000 and thereafter  $2\frac{1}{2}$  per cent up to a maximum fee of R5 000 subject to a minimum of R30 (this includes call to pay into the deposit account of the magistrate of the district all moneys received in respect of the purchase price);

(xv) for any report referred to in rule 46(11) R10;

(xvi) for giving transfer to the purchaser R3;

(xvii) for preparing a plan of distribution of the proceeds (including the necessary copies) and for forwarding a copy to the registrar R15;

(xviii) for giving notice to all parties who have lodged writs and to the execution debtor that the plan will lie for inspection, for every notice R2;

(xix) for request to magistrate to pay out in accordance with the plan of distribution R2;

(d) against movable property -

(i) when a writ is paid on presentation, 5 per cent on the amount so paid, with a minimum fee of R10 and a maximum of R50;

(ii) for any abortive attempt at attachment, including one hour's search and enquiry R8;

(iii) when a writ is withdrawn or stayed before any property is attached R3;

(iv) for making an attachment, including one hour's search and enquiry R20;

(v) kennisgewing van beslaglegging, indien nodig, aan een persoon R2 (identiese kennisgewings waar daar meer as een persoon is wat kennis moet kry, vir elkeen na die eerste R1);

(vi) waar beslaglegging deur die vonnisskuldeiser teruggetrek word of opgeskort, gestaak of gestuit word voor die verkoping,  $2\frac{1}{2}$  persent van die waarde van die inbeslaggenome goed of die bedrag van die lasbrief, watter ook al die minste is, maar met 'n maksimum geld van R75;

(vii) waar 'n lasbrief aan die adjunk-balju betaal word deur die skuldenaar ná beslaglegging maar vóór verkoping, 5 persent van die bedrag betaal, met 'n minimum geld van R10 en 'n maksimum van R100;

(viii) waar beslag op geld gelê word,  $2\frac{1}{2}$  persent van die betrokke bedrag, maar met 'n maksimum geld van R2 500;

(ix) vir opstel van advertensies vir verkoping van inbeslaggenome goed R5;

(x) vir verkoping vir uitwinning (met of sonder afslaer), insluitende verdeling van die opbrengs, vir die eerste R1 000 of deel daarvan 10 persent, en daarna 5 persent, met 'n maksimum geld van R2 500;

(xi) die adjunk-balju moet roerende goed self uitwin maar 'n afslaer aanstel indien skriftelik daartoe deur die vonnisskuldeiser versoek, en mits die vonnisskuldeiser die addisionele kommissie, as daar is, betaal;

(xii) kommissie is nie van 'n vonnisskuldenaar verhaalbaar op die waarde van inbeslaggenome roerende goed wat daarna deur 'n derde opgeeis en gevolglik vrygegees is nie, tensy die goed in beslag geneem is op die uitdruklike skriftelike versoek van die vonnisskuldeiser in welke geval die vonnisskuldeiser teenoor die adjunk-balju aanspreeklik is vir die kommissie;

(xiii) vir die versekering van inbeslaggenome roerende goed wanneer dit nodig geag word en in skriftelike opdrag van die vonnisskuldeiser aan die adjunk-balju, benewens die premie wat betaal word, 'n allesinsluitende bedrag van R5;

(e) vir bewaring van goed (geld uitgesluit) -

(i) vir 'n beampte wat noodsaaklikerwys in besit gelaat is, 'n redelike allesinsluitende bedrag per dag van hoogstens R20 (vir 'n addisionele beampte waar nodig, beperk tot een, per dag, hoogstens R10);

(v) notice of attachment, if necessary, to a single person R2 (identical notices, when there is more than one person to be given notice, for each after the first R1);

(vi) when an attachment is withdrawn by the judgment creditor or stayed before sale,  $2\frac{1}{2}$  per cent on the value of the property attached or the amount of the writ, whichever is the lesser, but subject to a maximum fee of R75;

(vii) when a writ is paid by the debtor to the deputy sheriff after attachment but before sale, 5 per cent on the amount so paid with a minimum fee of R10 and a maximum of R100;

(viii) when moneys are taken in execution,  $2\frac{1}{2}$  per cent of the amount so taken, but subject to a maximum fee of R2 500;

(ix) for drawing advertisements of sale of goods attached R5;

(x) for selling in execution (whether auctioneer employed or not), including distribution of the proceeds, on the first R1 000 or part thereof, 10 per cent, and over and above the first R1 000, 5 per cent, subject to a maximum fee of R2 500;

(xi) the deputy sheriff himself shall sell movable property in execution but he shall engage the services of an auctioneer if directed thereto in writing by the judgement creditor, provided the judgment creditor bears the additional commission, if any;

(xii) commission shall not be chargeable against a judgment debtor on the value of movable property attached and subsequently claimed by a person other than the judgment debtor and released in consequence of such claim unless such property has been attached at the express direction of the judgment creditor, in writing, in which event the judgment creditor shall be liable to the deputy sheriff for the commission;

(xiii) for insuring movable property attached when it is considered necessary and when the deputy sheriff is directed thereto in writing by the judgment creditor, in addition to the amount of premium paid, an inclusive fee of R5;

(e) for keeping possession of property (money excluded)-

(i) for an officer necessarily left in possession, a reasonable inclusive fee per day not exceeding R20 (for an additional officer, where necessary, limited to one, per day, a fee not exceeding R10);

LET WEL - Bewaring beteken die voortdurende en noodsaaklike teenwoordigheid op die perseel vir die tydperk waarvoor bewaring bereken word, van iemand in diens van en betaal deur die adjunk-balju vir die uitsluitende doel om besit te behou;

(ii) vir vervoer en opberging, die redelike en noodsaaklike uitgawes daaraan verbonde en, as 'n dier op stal geplaas of gevoer moet word, die redelike uitgawes daaraan verbonde;

(iii) vir die oppas van lewende hawe, die nodige uitgawes daaraan verbonde;

(vi) waar geen beamppte in besit gelaat word en geen akte van sekerheidstelling verkry is nie, maar die inbeslaggenome roerende goed onder toesig van die adjunk-balju bly, per dag 50c.

6. (a) Vir die opstel van 'n inventaris, insluitende die maak van alle nodige afskrifte en tyd bestee aan voorraadopname, per uur R15.

(b) .....

(c) Vir bystand waar nodig by die opstel van 'n inventaris, 'n redelike allesinsluitende bedrag per dag van hoogstens R20.

7. (a) Vir opstel van relaas van betekening of tenuitvoerlegging, insluitende opstel en tik van oorspronklike vir die hof, beperk tot een persoon op elke oorspronklike prosesstuk; en

(b) afskrif daarvan vir die party wat betekening of tenuitvoerlegging verlang R4.

8. Opstel en voltooiing van 'n akte van borgstelling, sekerheidstelling of vrywaring R5.

9. Afskrifte van prosesstukke en bevele noodsaaklikerwys gemaak, per folio 50c.

10. Kopiëring van dagvaardings, bevele, getuie-dagvaardings, lasbriewe, ensovoorts, telegrafies ontvang, 50c per folio van 100 woorde, met 'n minimum van R1.

11. Afneem van 'n verklaring van 'n beskuldigde wat nie verteenwoordig is nie en wat verlang dat getuies op koste van die Staat gedagvaar moet word, betreffende sy middele, die name en adresse van die getuies en wat hulle ter verdediging van hom kan sê, ten einde die griffier of die klerk van die hof op rondgang in staat te stel om te oordeel of die getuies gedagvaar moet word R5.

NOTE - Possession means the continuous and necessary presence on the premises for the period in respect of which possession is charged of a person employed and paid by the deputy sheriff for the sole purpose of retaining possession;

(ii) for removal and storage, the reasonable and necessary expenses for such removal and storage and, if an animal is to be stabled or fed, the reasonable charges for such stabling and feeding;

(iii) for tending livestock, the necessary expenses for tending such stock;

(iv) when no officer is left in possession and no security bond is taken, but movable property attached remains under the supervision of the deputy sheriff, per day 50c.

6. (a) For making an inventory, including all necessary copies and time spent in stocktaking, per hour R15.

(b) .....

(c) For assistance, where necessary, in taking inventory, a reasonable and inclusive fee per day, not exceeding R20.

7. (a) For making return of service or execution, including drawing and typing original for court, limited to one person upon each original process; and

(b) copy thereof for party desiring service or execution R4.

8. Drawing and completing bail bond, deed of suretyship or indemnity bond R5.

9. Copies of process and orders necessarily made, per folio 50c.

10. Copying of summonses, orders, subpoenas, writs, etc., received by telegram, 50c per folio of 100 words, with a minimum of R1.

11. Taking statement from accused who is not represented and who desires witnesses to be subpoenaed at the expense of the State, as to his means, the names and addresses of the witnesses and what they can say in his defence, in order to enable the registrar or the clerk of the court on circuit to decide whether the witnesses should be subpoenaed R5.



**LET WEL** - Hierdie inligting moet verkry word wanneer die kennisgewing van verhoor en akte van beskuldiging beteken word en aan die griffier of die klerk van die hof oorgedra word in dieselfde brief onder dekking waarvan die dokumente teruggestuur word.

12. Bywoning van strafsittings van 'n hoër hof of 'n rondgaande hof, per uur R10 met 'n maksimum per dag R30.

13. Waar die doodvonnis opgelê word -

(a) indien die gevangene tereggestel word - reëlins vir teregstelling en bywoning daarvan, 'n allesinsluitende bedrag van R100.

(b) indien die gevangene nie tereggestel word nie, 'n allesinsluitende bedrag van R50.

**LET WEL** - In beide gevalle dek die bedrag die uitkenning van die gevangene by aankoms, daaropvolgende besoeke by die gevangenis op versoek van die gevangene of die owerheid, die neem van verklarings van die gevangene indien daartoe versoek, en vervoer.

14. Elke nodige brief behalwe formele briewe wat prosesstukke of relase vergesel R2.

15. Maak of beantwoording van elke nodige telefoonoproep (benewens voorgeskrewe hooflyngele) R2."

**NOTE** - This information is to be obtained at the time of serving the notice of trial and indictment and conveyed to the registrar or clerk of the court in the same letter under cover of which the documents are returned.

12. Attending any criminal session of a superior court or any circuit court, per hour R10 with a maximum per day R30.

13. In cases of prisoners sentenced to death -

(a) where the prisoner is executed, arranging for and attending capital punishment, an inclusive fee of R100.

(b) where the prisoner is not executed, an inclusive fee of R50.

**NOTE** - This fee in both cases includes identifying the prisoner on arrival, subsequent attendances at the prison at the request of the prisoner or the authorities, taking statements from the prisoner if requested to do so, and transport.

14. Each necessary letter excluding formal letters accompanying process or returns R2.

15. Each necessary attendance by telephone (in addition to prescribed trunk charges) R2."